



It starts with a story...

Share books and stories!

Reading helps to open your children's eyes, hearts and minds to other people and to different situations. And, when they enjoy the stories you share with them, they are likely to want to continue reading for pleasure throughout their lives.

Share books and stories with your children to help build a strong and loving bond with them while also helping to develop the literacy skills that are so important for their success at school and beyond.

Here are ten tips for reading to your children, no matter what their age.

1. Invite – but don't force – your children to read with you for at least 15 minutes every day.
2. Find somewhere quiet and comfortable to read. Beds and couches make good indoor reading places. Turn off the radio, TV and computer.
3. Ask your children to choose a book for you to read together. This shows that you care about what they think, and they are more likely to engage with a book that they have chosen themselves!
4. Start by spending some time looking at and talking about the book's front cover. Don't forget to read the story's title and the names of the author and illustrator.
5. Sit close together and encourage your children to hold the book themselves or to help you do this. Younger children enjoy turning the pages. Invite older readers to read the words of one of the characters or a paragraph or two of the story.
6. Try different things to make stories come alive! Use different voices for different characters. Read softly in quiet, gentle parts of a story. Read quickly if a character is in a hurry, or is being chased. Read in a big, booming voice for loud noises in the story.
7. Help your children develop their prediction skills by asking, "What do you think is going to happen next?" at different points in the story.
8. Talk about the story together. Encourage your children to share their opinions of the ways in which the characters in the story behave and the choices they make.
9. If the book has illustrations, look closely at them together. Comment on things you are curious about or that you notice and like. Encourage your children to do the same.
10. But, most of all, simply enjoy sharing different books together. Relax and do whatever it takes to make these times fun for all of you.



Deel boeke en stories!

Lees help om jou kinders se oë, harte en denke oop te maak vir ander mense en ander situasies. En wanneer hulle die stories geniet wat jy met hulle deel, sal hulle waarskynlik regdeur hul lewens wil aanhou lees vir genot.

Wanneer jy boeke en stories met jou kinders deel, help dit om 'n sterk en liefdevolle band tussen julle te bou. Terselfdertyd ontwikkel dit ook die geletterdheidsvaardighede wat so belangrik is vir hul sukses op skool en ook later in die lewe.

Hier volg tien wenke oor lees saam met jou kinders, ongeag hoe oud hulle is.

1. Nooi jou kinders – maar moet hulle nie dwing nie – om elke dag minstens 15 minute lank saam met jou te lees.
2. Vind 'n stil en gemaklike plek om te lees. Beddens en rusbanke is lekker plekke om binnenshuis te lees. Skakel die radio, TV en rekenaar af.
3. Vra jou kinders om 'n boek te kies wat julle saam kan lees. Dit wys dat jy omgee wat hulle dink, en hulle sal meer geneig wees om deel te neem as dit 'n boek is wat hulle self gekies het!
4. Begin deur tyd te maak om na die boek se omslag te kyk en daaroor te gesels. Moenie vergeet om die storie se titel en die name van die skrywer en die illustreerder te lees nie.
5. Sit naby mekaar en moedig jou kinders aan om self die boek vas te hou, of jou te help om dit vas te hou. Jonger kinders geniet dit om die bladsye om te blaai. Nooi ouer lesers om die woorde van een van die karakters, of 'n paragraaf of twee van die storie te lees.
6. Probeer verskillende dinge om die storie lewendig te maak! Gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters. Lees sag in rustige dele van 'n storie. Lees vinnig as 'n karakter haastig is, of gejaag word. Lees met 'n diep, bulderende stem vir harde geluide in die storie.
7. Help jou kinders om hul voorspellingsvaardighede te ontwikkel deur op verskillende plekke in die storie te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"
8. Gesels saam oor die storie. Moedig jou kinders aan om te sê wat hulle dink oor die manier waarop die karakters in die storie optree en die keuses wat hulle maak.
9. As die boek illustrasies bevat, kyk saam daarna. Lewer kommentaar oor die dinge waaroor jy nuuskierig is, of wat jy raaksien en van hou. Moedig jou kinders aan om dieselfde te doen.
10. Maar, bo alles, geniet dit bloot om verskillende boeke te deel. Ontspan, en doen wat dit ook al verg om hierdie tye vir almal genotvol te maak.



Drive your imagination

Join us in taking the power of stories to the next level. Let's go!

Kom ons neem saam die krag van stories na die volgende vlak. Komaan!



Nal'ibali news

In August and September 2017, Nal'ibali ran a competition for the reading clubs that are part of its Story Powered Schools project in KwaZulu-Natal. This interschools competition aimed to help encourage a culture of reading for enjoyment in the province's rural primary schools that participated in the Story Powered Schools project in 2017.

"A well-established culture of reading can be a real game-changer for education in South Africa. We have been working with hundreds of schools to introduce them to the power and magic of reading in home languages. The competition is a way for the clubs at these schools to connect and inspire each other," explained Michael Cekiso, Programme Manager for the Story Powered Schools project.

The reading clubs were judged on their dedication to reading, writing and storytelling over the year. They gave performances to demonstrate the typical activities at their clubs. In addition, they had to put together displays of their creative work, such as examples of the children's writing and drawings, as well as their favourite isiZulu and English storybooks.

The first round of the competition saw the twelve clubs in each district competing against each other. "The level of competition was unexpectedly high. The children's confidence and the passion of their teachers showed a lot of what was happening back at the schools. This is remarkable and certainly not what we were expecting!" said one of the judges, Nontobeko Dlamini, a development practitioner and member of the Uthukela District Municipality.

There was another round of competition before the winners were announced: Elangeni Reading Club from Mthini Primary School in Ugu, and Siyafunda Reading Club from Nkanyezi Primary School in Uthukela! The performances and displays of these two clubs showed that for the children who attend and the adults who guide them, the club is more than an after-school activity – it has become a way of life.

"Our reading club is a fun, free space where we do all our activities in a way we are comfortable with. We won because we love what we do in our club!" said ten-year-old Alondwe Magudulela from Siyafunda Reading Club.

Commenting on Elangeni Reading Club's success, its leader, Mrs Bongiwe Xaba, said, "We did not expect to win! When we saw the displays of the other clubs, we were blown away. But our club has heart. I think the judges saw the children's enjoyment and pride in being part of the club."



Siyafunda Reading Club

Nal'ibali-nuus

In Augustus en September 2017 het Nal'ibali 'n kompetisie gehou vir die leesklubs wat deel is van die Story Powered Schools-projek in KwaZulu-Natal. Die doel van hierdie interskole-kompetisie was om 'n lees-vir-genot-kultuur in die provinsie se landelike laerskole wat in 2017 aan die Story Powered Schools-projek deelgeneem het, aan te moedig.

"'n Goed gevestigde leeskultuur kan 'n groot verandering in opvoeding in Suid-Afrika teweegbring. Ons werk saam met honderde skole om die mag en towerkrag van lees in jou huistaal by hulle tuis te bring. Die kompetisie is 'n manier vir die klubs by hierdie skole om by mekaar uit te kom en mekaar te inspireer," verduidelik Michael Cekiso, Programbestuurder vir die Story Powered Schools-projek.

Die leesklubs is beoordeel deur te kyk na hul toewyding tot lees, skryf en die vertel van stories deur die jaar. Hulle het vertonings gegee om die tipiese aktiwiteite by hul klubs te demonstreer. Verder moes hulle uitstallings van hul kreatiewe werk saamstel, soos voorbeelde van die kinders se skryfwerk en tekeninge, asook hul gunsteling-storieboeke in isiZulu en Engels.

In die eerste rondte van die kompetisie het die twaalf klubs in elke distrik teen mekaar meeding. "Die vlak van mededinging was onverwags hoog. Die kinders se selfvertroue en die passie van hul onderwysers het baie verrai van wat by die skole gebeur. Dit is merkwaardig, en beslis nie wat ons verwag het nie!" sê een van die beoordelaars, Nontobeko Dlamini, 'n ontwikkelingspraktisyn en lid van die Uthukela-distriksmunisipaliteit.

Daar was nog 'n rondte van die kompetisie voor die weners aangekondig is: Elangeni Reading Club van Mthini Primary School in Ugu, en Siyafunda Reading Club van Nkanyezi Primary School in Uthukela! Die vertonings en uitstallings van hierdie twee klubs het getoon dat die klubs vir die kinders wat dit bywoon en vir die volwassenes wat hulle lei, meer as net 'n naskoolse aktiwiteit is – dit het 'n lewenswyse geword.

"Ons leesklub is 'n prettige, vry ruimte waar ons al ons aktiwiteite op 'n manier doen waarmee ons gemaklik is. Ons het gewen omdat ons baie hou van dit wat ons in ons klub doen!" sê die tienjarige Alondwe Magudulela van Siyafunda Reading Club.

In reaksie op Elangeni Reading Club se sukses het hul leier, mev. Bongiwe Xaba, gesê: "Ons het nie verwag om te wen nie! Toe ons die ander klubs se uitstallings sien, was ons verstom. Maar ons klub het 'n hart. Ek dink die beoordelaars het gesien hoe baie die kinders dit geniet en hoe trots hulle is om deel van die klub te wees."



Elangeni Reading Club





Painting mental pictures

When we read something that does not have pictures with it, we use the words to create pictures in our minds. This is something that children learn to do as they become independent readers.

Try the activities below to encourage the children to create pictures in their minds as you read aloud from books without pictures, or tell a story. You can choose a different activity to try with each story.

Sometimes, after you have read (or given) a good description of something or someone in a story, pause and then:

-  ask the children to close their eyes and then try to "see" what you have just described. You could re-read the description or re-tell it to help them.
-  ask your children to draw pictures of what you have described.
-  draw on the board or a large sheet of paper what you imagine from the description. Encourage the children to explain how what they imagined is the same or different to what you have drawn.
-  ask the children to share what they see, hear, taste and smell as they listen to the description.



Skilder prente in jou gedagtes

Wanneer ons iets lees wat nie prente by het nie, gebruik ons die woorde om prente in ons gedagtes te skilder. Dit is iets wat kinders leer doen namate hulle onafhanklike lesers word.

Probeer die aktiwiteite hieronder om die kinders aan te moedig om prente in hul gedagtes te skilder terwyl jy hardop uit boeke lees of 'n storie vertel, sonder prente. Jy kan een aktiwiteit kies om saam met elke storie te doen.

Soms, nadat jy 'n goeie beskrywing van iets of iemand in 'n storie gelees (of gegee) het, bly stil en:

-  vra dan die kinders om hul oë toe te maak en te probeer "sien" wat jy so pas beskryf het. Jy kan die beskrywing weer lees of weer vertel om hulle te help.
-  vra jou kinders om prente te teken van dit wat jy beskryf het.
-  teken op die bord of 'n groot vel papier wat jy in jou gedagtes sien na aanleiding van die beskrywing. Moedig jou kinders aan om te verduidelik hoe dit wat hulle hulself voorgestel het, anders of dieselfde is as dit wat jy geteken het.
-  vra jou kinders om dit wat hulle sien, hoor, proe en ruik terwyl hulle na die beskrywing luister, te deel.



Make reading for enjoyment part of your school! For more information and guidance on how to do this, go to www.storypoweredschools.org.



Maak lees vir genot deel van jou skool! Vir meer inligting en leiding oor hoe om dit te doen, gaan na www.storypoweredschools.org.

Putting stories at the heart of your school ★ Laat stories eerste staan in julle skool

NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

Ikwekwezi FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

Lesedi FM on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

Ligwalagwala FM on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

Munghana Lonene FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

Phalaphala FM on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

Thobela FM on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

Ukhozi FM on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

Umhlobo Wenene FM on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

X-K FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

Ikwekwezi FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

Lesedi FM op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

Ligwalagwala FM van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

Munghana Lonene FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

Phalaphala FM van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.

Thobela FM op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.

Ukhozi FM op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

Umhlobo Wenene FM van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

X-K FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.



Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep picture books, *Three friends and a taxi* (pages 5, 6, 11 and 12) and *Foxy Joxy plays a trick* (pages 7, 8, 9 and 10), as well as the Story Corner story, *The dog walker* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.



Three friends and a taxi

This is a tale told all across Africa, from Nigeria to the Comoros to South Africa. Sheep, Goat and Dog take a taxi to the sea and when they get there they have to pay the taxi driver for the journey. How much will each of them pay? They each have to face the consequence of the choice they make.

- ✦ As you read the story together, enjoy looking at the pictures and talking about the details in them.
- ✦ After you have finished reading the story, discuss the following questions with older children.
 - ☉ What do you think Sheep, Goat and Dog learnt from the taxi fares that they chose to pay?
 - ☉ Would you have paid exactly the right fare, more than what the fare was, or less than what the fare was? Why would you have made this choice?
 - ☉ What if the taxi driver was asking for a fare that you thought was too high? Would you still have made the same choice? Why or why not?
- ✦ Ask your children to draw a picture of themselves in a taxi with two friends, and then to label their drawing with the title of the story.



Foxy Joxy plays a trick

In this story, a sly fox sells watermelons, but everyone thinks he charges too much for them. Foxy Joxy comes up with an idea to solve this problem, but the other animals are not happy with his decision, so they teach him a lesson.

- ✦ As you read the book, discuss with your children the choices that the animals make. Encourage them to suggest reasons for their opinions. Here are some questions you could ask.
 - ☉ **Page 4:** Do you think that Foxy Joxy might have been charging too much for the watermelons? Do you think it is fair to charge too much for something?
 - ☉ **Page 8:** Do you think that Foxy Joxy's idea was a clever one? Do you think his idea was fair?
 - ☉ **Page 11:** Do you think the other animals got what they paid for?
 - ☉ **Pages 13 and 14:** Do you think the other animals' idea was a clever one? What else do you think they could have done to teach Foxy Joxy not to cheat?
- ✦ After you have read the book together, invite your children to write to Foxy Joxy. They should explain to him why he should behave better towards the other animals and also give him some ideas for doing so.
- ✦ Suggest that your children draw pictures of the animals playing football with the watermelon when Foxy Joxy was stuffed inside it. Encourage them to add the text from that part of the story to their pictures.



The dog walker

Aunty Vanessa is paid by other people to walk their dogs. One day she and her nephew take five dogs to the park ... and the trouble starts on their way there!

- ✦ After you have read the story with your children, talk about which dog from the story you each like most, and why. Also discuss how you think the story would have been different if they hadn't found Princess's collar.
- ✦ Give your children cardboard or paper, glue, tinfoil and crayons and suggest that they make Princess's collar and/or a collar for their favourite dog from the story.



Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Drie vriende en 'n taxi* (bladsye 5, 6, 11 en 12) en *Jasper Jakkals se nare poets* (bladsye 7, 8, 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *Die hondestapper* (bladsy 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

Drie vriende en 'n taxi

Hierdie verhaal word oral in Afrika vertel, van Nigerië tot die Comore tot Suid-Afrika. Skaap, Bok en Hond haal 'n taxi om hulle see toe te vat, en toe hulle daar kom, moet hulle die taxibestuurder vir die rit betaal. Hoeveel sal elkeen van hulle betaal? Elkeen van hulle moet die gevolge dra van die keuse wat hulle maak.

- ✦ Terwyl julle die storie saam lees, geniet dit om na die prente te kyk en oor die besonderhede daarin te gesels.
- ✦ Bespreek die volgende vrae met ouer kinders wanneer julle die storie klaar gelees het.
 - ☉ Wat dink julle het Skaap, Bok en Hond geleer uit die keuse wat elk gemaak het ten opsigte van die taxigeld wat elkeen besluit het om te betaal?
 - ☉ Sou julle presies die regte bedrag betaal het, meer as wat die taxigeld was, of minder as wat die taxigeld was? Waarom sou julle hierdie keuse gemaak het?
 - ☉ Wat as die taxibestuurder 'n tarief gevra het wat julle gedink het te hoog is? Sou julle steeds dieselfde keuse gemaak het? Waarom of waarom nie?
- ✦ Vra jou kinders om 'n prent van hulself saam met twee vriende in 'n taxi te teken, en om dan die titel van die storie by hul tekening te skryf.

Jasper Jakkals se nare poets

In hierdie storie verkoop 'n slim jakkals waatlemoene, maar almal dink hy vra te veel daarvoor. Jasper Jakkals kom met 'n slinkse plan vorendag om hierdie probleem op te los, maar die ander diere is baie ontevrede oor sy plan, en leer hom 'n les.

- ✦ Bespreek die keuses wat die diere maak met jou kinders terwyl julle die boek lees. Moedig hulle aan om redes vir hul menings te gee. Hier is 'n paar vrae wat jy kan vra.
 - ☉ **Bladsy 4:** Dink julle Jasper Jakkals het dalk te veel vir die waatlemoene gevra? Dink julle dit is regverdig om te veel vir iets te vra?
 - ☉ **Bladsy 8:** Dink julle dit was 'n slim plan wat Jasper Jakkals gemaak het? Dink julle sy plan was regverdig?
 - ☉ **Bladsy 11:** Dink julle die ander diere het gekry waarvoor hulle betaal het?
 - ☉ **Bladsye 13 en 15:** Dink julle die ander diere het 'n slim plan gehad? Wat dink julle kon hulle nog gedoen het om Jasper Jakkals te leer om nie te kul nie?
- ✦ Nadat julle die boek saam gelees het, nooi jou kinders om vir Jasper Jakkals te skryf. Hulle moet vir hom verduidelik waarom hy hom beter moet gedra teenoor die ander diere, en moet ook vir hom idees gee oor hoe om dit te doen.
- ✦ Stel voor dat jou kinders prente teken van die diere wat rugby speel met die waatlemoen met Jasper Jakkals binne-in. Moedig hulle aan om woorde uit daardie deel van die storie by hul prente te voeg.

Die hondestapper

Ander mense betaal vir Tannie Vanessa om met hul honde te gaan stap. Op 'n dag neem sy en haar nefie vyf honde park toe ... en op pad soontoe begin die moeilikheid!

- ✦ Nadat jy die storie saam met jou kinders gelees het, gesels oor watter hond in die storie julle elkeen die meeste van hou, en hoekom. Bespreek ook hoe die storie anders sou verloop het as hulle nie Princess se halsband gevind het nie.
- ✦ Gee vir jou kinders karton of papier, gom, tinfoelie en kryte en stel voor dat hulle Princess se halsband en/of 'n halsband vir hul gunstelinghond in die storie maak.

Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.




Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your
imagination



Ke-nje-nje-nje WROEEM! Hulle het weggetrek.
Dit was 'n lang, stamperige rit. Die pad het teen
heuvels uit en in valleie af geslinger.

Ke-nje-nje-nje WROOOM! They drove away.
It was a long, bumpy journey. The road went up hills
and down valleys,



We publish what we like

This is an adapted version of *Three friends and a taxi* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in the eleven official South African languages. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Drie vriende en 'n taxi*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in die elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (World rights) Tel: 011 628 3200

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination



Three friends and a taxi Drie vriende en 'n taxi





and last came Dog ... What a
big SQUAASH!

en Hond het laaste ingeklim ...
met 'n stywe INWURM!

One hot day three friends were standing beside
the dusty road ...

Op 'n warm dag het drie vriende langs 'n
stowwerige pad gestaan ...



over rivers,
through villages,
oor riviere, deur
klein dorpie,

around corners,
om draaie,



Dog paid too much. That is why, to this day, whenever
Dog sees a taxi coming, he runs into the road, barking
loudly. He is asking for his change.


Hond het te veel betaal. Daarom, tot vandag toe nog,
as Hond 'n taxi sien aankom, hardloop hy in die pad in
en blaf kliphard. Hy vra vir sy kleingeld.



He sold his watermelons for a cheap price.
Many animals bought from Foxy Joxy.
Hy verkoop sy waatlemoe goedkoop.
Baie diere koop by Jasper Jakkals.



Then he filled it with water! He took
a needle and thread and sewed the
watermelon back together.
Toe maak hy die lee helftes vol water!
Hy vat 'n naald en gare en werk die
waatlemoen weer mooi toe.




Foxy Joxy plays a trick Jasper Jakkals se nare poets

*Mdu Ntuli
Nahida Esmail
Samantha Rice*



Lots more free books at bookdash.org

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi





“Hierdie waatlemoen is net water,” kla
Andre Aap.
“This watermelon has only water in it,”
complained Funky Monkey.




Foxy Joxy was a sly fox. He
sold big, fresh watermelons.
Jasper Jakkals is ’n slinkse
jakkals. Hy verkoop groot,
vars waatlemoene.

Jasper Jakkals se kop draai!
Hy het sy les geleer en nooit weer gekul nie.



Hy sny 'n groot waatlemoen oop,
skep die binnekant uit en smul tot
al die waatlemoen op is.
He slit open a big watermelon,
scooped out the fruit, and
gobbled it up.



Watermelons for sale!
Waatlemoene te koop!



“Well, you got what you paid for,” said
Foxy Joxy.
“Wel, julle het gekry waarvoor julle betaal
het,” sê Jasper Jakkals.




Foxy Joxy was dizzy!
He learnt his lesson and never cheated again.





Foxy Joxy had a clever idea.
Jasper Jakkals kry 'n blink plan.



“Your price is too high,” said Rabbit Jabbit.
“You are asking too much,” said Gia Giraffe.
“Jy vra te veel,” sê Hendrik Haas.
“Dis te duur,” sê Klara Kameelperd.



“Ons moet vir Jasper Jakkals 'n les leer,” sê
Odette Ollifant.
Die diere kom bymekaar en beraam 'n plan.
“Ek het 'n idee,” sê Ullie Uil.


“We need to teach Foxy Joxy a lesson,” said
Ellie Elephant.
The animals gathered around and came up
with a plan.
“I have an idea,” said Oliver Owl.

They took an empty watermelon, stuffed
Foxy Joxy into it and played a game of
football with it.



Hulle vat 'n leë waatlemoen, prop vir Jasper
Jakkals binne-in en speel toe rugby daarmee.

and on towards the sea.
aan en aan see toe.



Then Goat SQUASHED in,
Bok het volgende INGEPROP,



Goat paid too little. That is why, to this day, whenever
Goat sees a taxi coming, he runs quickly away from the
road. He does not want to be asked for the money.

Bok het te min betaal. Daarom, tot vandag toe nog, as
Bok 'n taxi sien aankom, hardloop hy blitsig van die
pad af weg. Hy wil nie hê hulle moet hom vir die ekstra
geld vra nie.



Sheep,
Skaap,



Goat,
Bok,



After some time, a taxi stopped for them –
PEEP PEEP. First Sheep climbed in. It
was a bit of a SQUEEZE.
Na 'n rukkie stop 'n taxi – *TOET TOET*.
Skaap het eerste ingeklim. Sy moes
'n bietjie INBEUR.



At last the journey was over. The taxi driver asked
for his fare ...
Uiteindelik was die rit verby. Die bestuurder het vir
die taxigeld gevra ...



and Dog.
en Hond.



They were waiting for a taxi to take them to
the sea.

Hulle het gestaan en wag vir 'n taxi om hulle
see toe te vat.

Sheep paid the right fare, exactly. That is why, to this
day, whenever Sheep sees a taxi coming, she is in no
hurry to move out of the road. Her business with
the taxi is finished.

Skaap het presies die regte bedrag betaal. Daarom, tot
vandag toe nog, as Skaap 'n taxi sien aankom, is sy glad
nie haastig om uit die pad te kom nie. Sy't haar sake
met die taxi afgehandel.



Celebrate World Book Day!

World Book Day is a worldwide celebration of books and reading. It is observed in over 100 countries on different dates in the year and in different ways. In South Africa, we celebrate it on 23 April each year.

Here are some ideas for how to celebrate World Book Day.

1. Talk to primary- or high school-aged children about how having books in your life makes a difference. Then ask them to draw a picture, create a poster or a song or dance, or write a poem or rap to share their ideas with others. Remember to find an opportunity to display the children's pictures or posters, or to let them perform their songs, dances, poems or raps!
2. Nursery rhymes and songs are a great way to get very young children involved in World Book Day. Find books that have traditional rhymes and songs for babies and children in your home language and share them with your children – and don't forget to also share the ones you were taught as a child!
3. Provide some paper, pencil crayons and pens, and get older children to create their own picture books. Then set up a time for them to read their books to a group of younger children.
4. Encourage your children to copy out a sentence or paragraph from their favourite book and then draw a picture to go with it. Remind them to write the name of the book and the author too. Display your children's creations on the fridge, or on a wall in your home, classroom, library or at your reading club.
5. At the top of a large sheet of paper, write: Books I think you would enjoy. Under it create columns like this:

Books I think you would enjoy

Book title	Author	My name	Age

Display the sheet of paper in your home, reading club, classroom, school or library, and encourage everyone to write up the names of books they have enjoyed reading. If you leave it up for long enough, you might have to add another sheet!

A book is
a dream that
you hold in
your hands.
Neil Gaiman

Reading club tip

Make your World Book Day celebrations a success by:

- ★ planning well in advance, even if you have to celebrate after 23 April.
- ★ meeting with the volunteers at your club to decide what you will do and who will be responsible for what.
- ★ deciding beforehand which books and stories you'll focus on.
- ★ telling the children what they can expect on the day.
- ★ inviting the children's parents and caregivers to join in the celebrations at your club.



Vier Wêreldboekedag!

Wêreldboekedag is 'n wêreldwye viering van boeke en lees. Dit word in meer as 100 lande op verskillende dae van die jaar en op verskillende maniere gevier. In Suid-Afrika vier ons dit elke jaar op 23 April.

Hier volg 'n paar idees oor hoe om Wêreldboekedag te vier.

1. Gesels met ouer kinders oor hoe boeke 'n verskil in 'n mens se lewe kan maak. Vra hulle dan om 'n prent te teken, of 'n plakkaat te maak, of 'n lied of dans te skep, of 'n gedig of kletsrymlied te skryf om hulle idees met ander te deel. Onthou om 'n geleentheid te vind om die kinders se prente of plakkaat uit te stal, of laat hulle hul liedjies, danse, gedigte of kletsrymliedjies uitvoer!
2. Kinderrympies en -liedjies is 'n wonderlike manier om baie jong kinders by Wêreldboekedag te betrek. Vind boeke met tradisionele rympeies en liedjies vir babas en kinders in julle huistaal en deel dit met jou kinders – en moenie vergeet om ook dié wat jy as kind geleer het te deel nie!
3. Gee vir die kinders papier, potloodkryte en penne, en laat ouer kinders hulle eie prentboeke maak. Maak dan 'n tyd wanneer hulle hul boeke vir 'n groep jonger kinders kan voorlees.
4. Moedig jou kinders aan om 'n sin of paragraaf uit hul gunstelingboek oor te skryf en dan 'n prent te teken wat daarby pas. Herinner hulle daaraan om ook die naam van die boek en die skrywer neer te skryf. Stal jou kinders se kunswerke op die yskas uit, of teen 'n muur in jou huis, klaskamer, biblioteek of by jou leesklub.
5. Skryf bo-aan 'n groot vel papier: Boeke wat ek dink julle sal geniet. Teken dan 'n tabel soos die een hieronder:

Boeke wat ek dink julle sal geniet

Boektitel	Skrywer	My naam	Ouderdom

Stal die vel papier by jou huis, leesklub, in die klaskamer, skool of biblioteek uit, en moedig almal aan om die titels van boeke wat hulle geniet het, neer te skryf. As jy dit lank genoeg opgeplak hou, sal jy dalk nog 'n vel papier moet byvoeg!

Wenke vir jou leesklub

Maak julle viering van Wêreldboekedag 'n sukses deur:


- ★ goed vooruit te beplan, selfs al moet julle dit na 23 April vier.
- ★ die vrywilligers by jou klub te ontmoet en te besluit wat julle gaan doen en wie verantwoordelik sal wees vir wat.
- ★ vooraf te besluit op watter boeke en stories julle gaan fokus.
- ★ vir die kinders te vertel wat hulle op die dag kan verwag.
- ★ die kinders se ouers en versorgers uit te nooi om deel te neem aan die feesvieringe by jou leesklub.



'n Boek is
'n droom wat
jy in jou
hande vashou.
Neil Gaiman

The dog walker

By Katherine Graham ★ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



My aunty is a dog walker! I know that might sound strange, but that's what she does for a living! She walks other people's dogs!

Sometimes, when I finish school early, Mamma lets me help Aunty Vanessa. There are five dogs that she walks every afternoon. Princess, the French poodle, is white. She is very big and walks with her nose stuck up in the air, and she has a diamond collar. Her owner, Ziyanda, is the poshest lady I know. Pepper is a small, black, grumpy dog. He bites my heels sometimes if I don't watch out. Lucky is a rescue dog and is full of tricks. His owner got him from an animal shelter. Nobody knows for sure what kind of dog he is, but he is friendly and he's the one I like the most. Dash and Lady are brother and sister. They are quite big dogs with light brown coats. They are a real handful because they love chasing balls – and squirrels.

Sometimes when Aunty Vanessa and I walk down the street with all five dogs, people stop and stare at us. "You have quite a few dogs!" some of them say.

I just smile and say, "Don't worry – they're not ours!"



One day I was helping Aunty Vanessa. I was holding the leads for Princess and Lucky. Aunty Vanessa was having a hard time keeping Dash and Lady under control while avoiding Pepper's nips. On our way to the park, a cat streaked past and Dash and Lady went bounding after it, barking their heads off. Pepper, Princess and Lucky followed them and all the dogs' leads got tangled and I fell flat on the pavement. Ouch!

"Are you okay?" asked Aunty Vanessa.

I got up. "My knee hurts, but I'm fine," I said, dusting myself off. We unravelled the leads and that's when Aunty Vanessa noticed something.

"Princess's collar is missing!" she said. My aunty and I searched high and low for the diamond collar, but we couldn't find it anywhere. "Ooooh, what will Princess's owner say?" moaned my aunty. "Ziyanda likes her dog to look smart at all times!"

The dogs were growing impatient, tugging at their leads. We gave up the search for the missing collar and walked to the park. Aunty Vanessa threw a ball for Dash and Lady. They sprinted across the park, fighting each other to see who would get to it first. Pepper made a huge poo which my aunty made me clean up with a plastic

bag and stick. Yuck! Lucky made a friend and they spent the rest of the afternoon running after each other and sniffing each other. But Princess refused to join in the fun. Her ears drooped and she lay down under a tree. I knew she was sad because she'd lost her special collar.

At five o'clock, it was time to go. We dropped the dogs off at their homes one by one – first Pepper, who tried to bite me as we opened his gate, then naughty Dash and Lady. Aunty Vanessa wasn't sad to drop them off. We only had Lucky and Princess left. Aunty Vanessa was dreading telling Ziyanda that we had lost the expensive collar.

Just then Lucky started barking and refused to walk any further. He jumped up and down at a lamp post. Aunty Vanessa was cross with him. "Stop that, Lucky!" she shouted.

I looked up. Something was fastened to the lamp post and it was glittering. "Princess's collar!" I shouted pointing at it. "Somebody must have found it and hung it up there." Hurriedly, I took it down and put it back around Princess's neck.

By the time we opened Princess's gate, the poodle was looking much smarter and happier than before. Aunty Vanessa told Ziyanda the story of how we had found the missing collar. "Oh, that thing!" laughed Ziyanda. "Those aren't real diamonds! They're just shiny plastic stones!" she said.



Aunty Vanessa laughed too. She was relieved. We waved goodbye and went on our way to take Lucky home.

"Good dog," I said to Lucky as I patted his head. His tongue hung out of his mouth, which made it look as if he was smiling. His tail wagged all the way home. And he never did understand why my aunty gave him two dog biscuits when we got to the front door of his home that day!



Drive your
imagination

Die hondestapper

Deur Katherine Graham ★ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

Storiehoekie

My tannie is 'n hondestapper! Ek weet dit klink dalk snaaks, maar dis haar werk! Sy gaan stap met ander mense se honde!

Soms, wanneer ek vroeg uit die skool uit kom, laat Mamma my toe om vir Tannie Vanessa te help. Daar is vyf honde waarmee sy elke middag gaan stap. Princess, die Franse poedel, is wit. Sy is baie groot en stap met haar neus in die lug, en sy dra 'n diamanthalsband. Haar eienaar, Ziyanda, is die deftigste dame wat ek ken. Pepper is 'n klein, knorrige swart hondjie. Hy hap soms na my hakskeene as ek nie oppas nie. Lucky is 'n hond wat gered is, en is vol streke. Sy eienaar het hom by 'n skuiling vir diere gekry. Niemand weet presies watter soort hond hy is nie, maar hy's vriendelik en ek hou die meeste van hom. Dash en Lady is broer en suster. Hulle is taamlieke groot honde met ligbruin pels. Hulle is omtrent 'n handvol, want hulle is mal daaroor om balle te jaag – en eekhorings.

Soms, wanneer ek en Tannie Vanessa met al vyf honde in die straat af stap, stop mense en staar ons aan. "Julle het omtrent 'n klomp honde!" sê party van hulle.

Ek glimlag net en sê: "Toemaar – hulle is nie ons s'n nie!"



Eendag help ek vir Tannie Vanessa. Ek hou Princess en Lucky se leibande vas. Tannie Vanessa sukkel om Dash en Lady te hanteer terwyl sy probeer om Pepper se happery vry te spring. Op pad park toe, skiet 'n kat by ons verby en Dash en Lady storm al blaffend agterna. Pepper, Princess en Lucky sit hulle agterna. Al die honde se leibande raak verstrengel en ek slaan neer op die sypaadjie. Eina!

"Is als reg?" vra Tannie Vanessa.

Ek staan op. "My knie is seer, maar verder is als reg," sê ek en stof myself af. Ons ontknoop die leibande en dis toe dat Tannie Vanessa iets oplet.

"Princess se halsband is weg!" sê sy. Ek en my tannie soek oral na die diamanthalsband, maar ons kan dit nêrens kry nie. "Ooe, wat gaan Princess se eienaar sê?" kerm my tannie. "Ziyanda hou daarvan dat haar hond altyd deftig lyk!"

Die honde raak ongeduldig en trek aan hul leibande. Ons hou op soek en stap park toe. Tannie Vanessa gooi vir Dash en Lady 'n bal. Hulle hardloop deur die park, en baklei met mekaar om eerste die bal te kry. Pepper maak 'n yslike groot poef wat ek met 'n plastieksak en stok moet optel. Jig! Lucky kry 'n hondemaat en hulle hardloop

die res van die middag agter mekaar aan en snuffel aan mekaar. Maar Princess weier om deel te hê aan die pret. Haar ore hang en sy lê onder 'n boom. Ek weet sy is hartseer omdat sy haar spesiale halsband verloor het.

Vyfuur is dit tyd om te gaan. Ons gaan laai die honde een vir een by hul huise af – eers Pepper, wat my probeer byt toe ek sy hek oopmaak, toe die stoute Dash en Lady. Tannie Vanessa is nie spyt om hulle af te laai nie. Ons het nog net vir Lucky en Princess oor. Tannie Vanessa is bang om vir Ziyanda te sê dat ons die duur halsband verloor het.

Net toe begin Lucky blaf en weier om verder te stap. Hy spring op en af teen 'n lamppaal. Tannie Vanessa is kwaai met hom. "Stop dit, Lucky!" sê sy.

Ek kyk op. Iets is aan die lamppaal vasgemaak en dit glinster. "Princess se halsband!" roep ek en wys daarna. "Iemand moes dit gevind het en hier opgehang het." Gou-gou haal ek dit af en sit dit om Princess se nek.

Teen die tyd dat ons Princess se hek oopmaak, lyk die poedel baie deftiger en gelukkiger as tevore. Tannie Vanessa vertel vir Ziyanda die storie van hoe ons die verlore halsband gevind het. "Ag, daardie ou ding!" lag Ziyanda. "Dis nie regte diamante nie! Dis net blink plastieksteentjies!" sê sy.



Tannie Vanessa lag ook. Sy is verlig. Ons waai tot siens en stap verder om Lucky huis toe te vat.

"Mooi so, honne," sê ek vir Lucky en streel sy kop. Sy tong hang uit, en dit lyk of hy glimlag. Sy stert waai al die pad huis toe. En hy kon nie verstaan hoekom my tannie hom daardie dag twee hondebeskuitjies gegee het toe ons by sy voordeur kom nie!



Nal'ibali fun Nal'ibali-pret



1.


Use your imagination to complete the story. Tell a friend or parent your story.

Gebruik jou verbeelding om die storie te voltooi. Vertel jou storie vir 'n maat of ouer.

Once upon a time, there was a farmer called Vusi who was very, very strong. Nobody knew how he did it, but he could easily carry two cows at the same time.

One morning, when Vusi woke up, he ran around in a panic. "My necklace! Who has stolen my magic necklace?" he shouted. "Without it I will have lost all my strength, and will be just like everyone else!"

He rushed to the window, just in time to see a little boy running off very, very fast ...



Daar was eenmaal 'n boer met die naam Vusi wat baie, baie sterk was. Niemand het geweet hoe hy dit doen nie, maar hy kon maklik twee koeie gelyk optel en dra.

Een oggend toe Vusi wakker word, hardloop hy paniekerig rond. "My halssnoer! Wie het my towerhalssnoer gesteel?" roep hy. "Daarsonder sal ek al my krag verloor, en sal ek net soos al die ander mense wees!"

Hy storm na die venster toe, net betyds om te sien hoe 'n klein seuntjie soos blits weghardloop ...

2.

Which little picture of Hope and Bella reading, is exactly the same as the big picture?

Watter klein prentjie van Hope en Bella wat lees, is presies dieselfde as die groot prent?

a.



b.



c.



3.

How quickly can you think of ten words to do with books? Try this on your own or with a friend. Time yourselves as you write the words down here!

Hoe vinnig kan jy aan tien woorde dink wat iets met boeke te doen het? Probeer dit op jou eie of saam met 'n maat. Kyk hoe vinnig julle die woorde hieronder kan neerskryf!

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____
6. _____
7. _____
8. _____
9. _____
10. _____

Answer/Antwoord: (2) c

Do you have questions about reading and writing with your children or about reading clubs? Send your questions to us on the Nal'ibali website. Go to www.nalibali.org/ask-the-expert, then scroll down, type in your question and press "Submit". We'll ask someone from our team of literacy experts to send you a response!



Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Het jy vrae oor lees en skryf saam met jou kinders of oor leesklubs? Stuur jou vrae aan ons op die Nal'ibali-webwerf. Gaan na www.nalibali.org/ask-the-expert, rol dan af, tik jou vraag in en druk "Submit". Ons sal een van ons span geletterdheidskenners vra om vir jou 'n antwoord te stuur!

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SW
Sunday
World



Drive your
imagination